

**1. Die volheid van die tyd****1.1 Messiasbeloftes van die Ou Testament**

Die Ou Testament en die Nuwe Testament vorm saam die Bybel – die Woord van God. Christus, die Messias, is die middelpunt van die Woord van God.

- “Christus” is die Griekse woord vir “gesalfde”, en
- “Messias” die Hebreeuse woord vir “gesalfde”.

Die Ou Testament is vol beloftes oor die Messias. Aanvanklik is die beloftes vaag en taamlik algemeen, maar later word dit baie meer spesifiek en al hoe duideliker.

- Dit begin met die moederbelofte in Genesis 3:15.
- Daarna sien ons die vernouing van die stroom in die profesie van Noag dat Jafet ’n woonplek sal kry in die tente van Sem (Gen. 9:27).
- Aan Abraham is ook die belofte gemaak dat al die volke van die aarde in hom geseën sal wees.
  - Die volk wat uit Abraham sou voortkom, sou die uitverkore volk word waaruit die Messias gebore sou word.
  - Wanneer Jakob later sy kinders seën, blyk dit dat die stam van Juda die stam is waaruit die Messias sou voortkom: “Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp” (Gen. 49:10).
  - Uit die stam van Juda is Dawid eeue later gebore, en die belofte van die Messias is aan hom bevestig (2 Sam. 7:12,13, 16).
- Baie van die psalms sing ook van die Messias en beskryf die karakter van sy regering in verhewe taal.
  - Hy sal Koning wees (Ps. 2, 72),
  - wat sal regeer met majesteit (Ps. 45:4,5) en
  - regverdigheid (Ps. 72:3).
- Die Nuwe Testament dui ook aan hoe in die boeke van die profete die Messias al hoe duideliker aangewys word.
  - Hy sal as ’n kind in die wêreld kom (Jes. 9:5), en
  - as die Immanuel uit ’n jongvrou gebore word (Jes. 7:14).
  - Die tyd van sy koms (Dan. 9:24-26) en selfs die plek van sy geboorte, naamlik Betlehem, word ook aangedui (Miga 5:1).
  - Aan sy Koningsheerskappy sal daar geen einde wees nie (Jes. 9:6; Dan. 7:14).
  - Hy sal met die Gees van die Here toegerus wees om die heilsboodskap aan die heidene te bring (Jes. 11:2).
  - Jesaja stel die Messias ook voor in sy diep vernedering. As dienaar van die Here sal Hy verag wees, en selfs dood en graf sal Hom nie gespaar bly nie (Jes. 53). Hy ondergaan dit alles om die straf op die sondes van sy volk te dra en hulle van die ewige dood te verlos.

**1.2 Voorafskaduwing en tipes**

Die plegtige handeling van die godsdiens van Israel wys ook heen na die Messias. Dit is ’n voorafskaduwing van wat later sou volg.

- Veral die offerdiens wys na die offer wat eenmalig deur Christus op Golgota gebring sou word.
- In verskillende gebeurtenisse in die Ou Testament sien ons dieselfde voorafskaduwing:
  - Die ram wat in die plek van Isak geoffer word op Moria
  - Die manna in die woestyn wat heenwys na die ware “brood uit die hemel” – Jesus Christus (Joh. 6:31-36)

- Ook besondere fasette van die werk van bepaalde persone, en gebeurtenisse in hulle lewens, is in die Ou Testament 'n heenwysing na die Messias. Hulle word dan tipes van Christus genoem.
- Simson is in sy dood, waardeur hy die oorwinning oor die vyand behaal en sy volk verlos het, 'n tipe van Christus.
- So is ook Jona, toe hy drie dae in die maag van die groot vis was en weer op die land uitgespoeg is, 'n tipe van Christus wat ná drie dae opgestaan het uit die graf.

So word die beloftes, voorafskaduwings en tipes van die Ou Testament vervul in Jesus Christus in die Nuwe Testament.

- Hy het die slang, naamlik Satan, se kop vermorsel toe hy oor dood en graf geseëvier het. In Hom is al die volke van die aarde geseën.
- Hy is gebore uit 'n vrou en het in alle opsigte aan ons gelyk geword, behalwe die sonde (Fil. 2:7).
- Hy het Homself verneder tot die dood van die kruis (Fil. 2:8),
- is tans met koninklike mag bekleed (Fil. 2:9,10), en
- aan sy ryk sal daar geen einde wees nie.

## 2. Die volheid van die tyd

### 2.1 Toestand van die wêreld – één wêreldryk, één wêreldtaal, almal soek na waarheid

Die tyd waarin ons Here Jesus Christus gebore is, word genoem die volheid van die tyd (Gal. 4:4, AFR1953). Hierdie tyd dra besondere kenmerke en is sorgvuldig deur God voorberei.

- Die Romeinse Ryk was die heersende mag nadat dit al die ryke van die toenmalige bekende wêreld aan hom onderwerp het. Toe keiser Augustus die alleenheerskappy verkry het, het die Romeinse ryk sy toppunt van bloei bereik.
  - Onder die regering van Augustus was daar van oorlog geen sprake nie.
  - Daar was 'n lewendige verkeer tussen al die dele van die ryk. Alles het daartoe bygedra om die eenheidsbesef te versterk. Hierdie algemene vredestoestand het die verkondiging van die Evangelie ten goede gekom.
- Van groot belang was ook die feit dat daar in die hele ryk gebruik gemaak is van één wêreldtaal, naamlik Grieks. Wie Grieks geken het, kon orals oor die weg kom. So kon die apostels, veral Paulus, hulle op hul reise van die Griekse taal bedien om die Evangelie aan alle volke te verkondig.
- In hierdie wêreld was daar 'n algemene verdorwenheid te bespeur. Verskillende wysgere het probeer om hulle volk uit die diep sedelike verval op te rig.
  - Elke wysgeer het 'n skool met volgelingen gevorm en het gemeen om in sy stelsel die waarheid te beliggaam. Desnieteenstaande was daar geen sprake van ware geluk nie. Daar was geen enkele wysgerige stelsel wat die sug na waarheid kon bevredig nie.
  - Elke land het sy eie gode gehad, maar hulle kon ook geen bevrediging bring vir die soekende hart nie. In Athene was daar selfs 'n altaar vir die onbekende god opgerig. Die godsdiens was onmagtig om die toenemende geestelike ontaarding en sedebederf teen te gaan, en daarom het mense begin om die godsdiens te minag.
- Ongeloof en bygeloof was aan die orde van die dag. Daarom het almal verlangend na 'n verlosser uitgesien. Hierdie verlange het ook by Israel, God se verbondsvolk, geleef.

### 2.2 Die verbondsvolk: staatkundige en godsdienstige toestande

Die hele bekende wêreld van hierdie tyd het onder die heerskappy van die Romeine gestaan.

- Aan die hoof van die Romeinse regering het die keiser gestaan, en hy het sy setel in Rome gehad.
- Al die onderhorige lande en volke moes swaar belastings aan die keiser betaal.
- Die Romeine het hulle oppergesag gehandhaaf deur Romeinse amptenare en 'n besettingsmag in die verskillende lande aan te stel.

- So het die Jode ook onder die Romeinse oorheersing gestaan, en hulle het hartstogtelik verlang na iemand wat hulle hiervan sou bevry.

Die Romeine het ter wille van allerlei politieke en diplomatieke motiewe toegelaat dat koning Herodes nog sy koninklike waardigheid in Palestina behou, alhoewel hy net beperkte mag gehad het.

- Herodes was 'n Edomiet, dus 'n afstammeling van Esau. Nadat hy aan bewind gekom het as koning van Judea, was hy bang vir die Makkabeërs, 'n geslag van Joodse leiers wat in opstand gekom het teen die staatkundige en godsdienstige onderdrukking van die Jode.
- Herodes het al die afstammelingen uit die geslag van die Makkabeërs laat uitroei. In 'n poging om die guns van die Jode te wen, was hy ook getroud met Marianne, 'n vrou uit die geslag van die Makkabeërs, maar as gevolg van al sy politieke intriges het hy in verskillende stadiums haar grootvader, haar vader, haarself en altwee haar seuns laat vermoor. Hy was as gevolg hiervan gehaat deur die Jode. Om te probeer om in die Jode se guns te bly, het hy die tempel in Jerusalem uitermate verfraai. Dit het hom en sy regering nie nader aan die Jode gebring nie.
- Op godsdienstige gebied het die Jode 'n politiek-nasionale verklaring aan die profesieë van die Ou Testament gegee, en hulle het die Verlosser verwag wat hulle van die gehate Romeinse oorheersing sou verlos.
- Omdat die verlossing nie gekom het soos hulle dit verwag het nie, het hulle teleurgesteld geraak.
- Die wysgerige stelsels van die Griekse wysgere kon ook geen bevrediging bring nie. So het die hele wêreld van daardie tyd in 'n hopelose toestand verkeer. Die tyd vir diepgaande verlossing het aangebreek.
- Dit word genoem die volheid van die tyd (Gal. 4:4).
  - In hierdie tyd was daar baie goeie kommunikasie tussen die volke van die Romeinse Ryk;
  - daar was 'n afwagting onder al die volke van die verlossing wat sou kom; en
  - daar was 'n geestelike ontvanklikheid onder die volke vir die Evangelie wat bekend gemaak sou word.
- In die voorafgaande tyd, toe die Jode deel geword het van die Romeinse Ryk, het God sy volk gelei om deel te word van die politieke bestel van daardie tyd. Die Jode se aanraking met die ander volke het ook daartoe gelei dat hierdie volke die Jode se godsdienste leer ken en waardeer het. Dit was 'n voorbereiding vir die sendingwerk wat later deur Paulus en andere gedoen sou word.
- Die Joodse godsdienste was vol innerlike teenstrydighede.
  - Naas die verlanke na die Verlosser, die terugkeer na die Here, en die gereelde voorlesing van die Wet, het die nadruk geval op die uiterlike dinge.
  - Die Wet is na die letter onderhou, en die godsdienste het opgegaan in uiterlike seremonies.
  - Die wyse waarop die Skrifgeleerdes die Wet uitgelê het en die gewone mense verplig het om die Wet soos 'n swaar las te dra, het hulle laat smag na ware verlossing in 'n wêreld waar hulle geen rus kon vind nie.

### **2.3 Messiasverwagtings**

Uit hierdie ingewikkelde wêreld het daar verskillende Messiasverwagtings na vore gekom.

- Die Jode het die Messias, die Verlosser, verwag wat hulle van die Romeinse oorheersing sou verlos.
- Die wyse manne uit die Ooste het 'n verlosser verwag.
- Die Grieke het gesmag na die bekendmaking van die waarheid.
- Daar was ook nog getroues in Israel, armes en geringes onder die Jode, wat met verlanke uitgesien het na die vervulling van die beloftes van God soos Hy dit in die Ou Testament bekend gemaak het.

## **3. Die geboorte van Jesus Christus**

### **3.1 Jesus se geboorte word deur die engel Gabriël aangekondig**

Die engel Gabriël het aan Maria verskyn in Nasaret in die landstreek Galilea waar sy gewoon het.

- Sy was 'n jongmeisie, 'n maagd uit die geslag van Dawid.
- Sy was verloof aan Josef, wat ook uit die geslag van Dawid was.
- Die engel was dieselfde een wat ses maande tevore die geboorte van Johannes die Doper aan Sagaria aangekondig het.
  - Hy het Maria gegroet, en haar “begenadigde” genoem.
  - Hy het aan haar die boodskap gebring dat sy swanger sou word en 'n Seun baar, wat sy Jesus moes noem. Hy sou die Seun van die Allerhoogste genoem word, en Koning wees oor die nageslag van Jakob, en sy koningskap sou geen einde hê nie.
  - Maria was verwonderd oor die boodskap, want sy was nog ongetroud.
  - Die engel het haar ingelig dat die Heilige Gees oor haar sou kom, en dat die krag van die Allerhoogste die lewe in haar sou wek. Die kind wat gebore sou word, sou heilig wees en die Seun van God genoem word. Maria het die engel geglo.

Maria het Elisabet, 'n bloedverwant van haar, gaan besoek terwyl Elisabet swanger was, en daar het sy 'n teken van haar swangerskap ontvang wat haar eie geloof versterk het.

- Maria se swangerskap kon nie verborge bly nie, en toe Josef, haar verloofde, dit agterkom, wou hy die verlowing stilweg verbreek. Die verlowing is in Israel beskou as 'n baie sterk band, en ontrouheid van 'n meisie aan haar verloofde is in 'n baie ernstige lig beskou.
- Die Here het in 'n droom aan Josef bekend gemaak wat met Maria gebeur het, en aan hom opgedra om die seuntjie wat gebore sou word, die naam Jesus te gee, want dit sou Hy wees wat sy volk van hulle sondes sou verlos.
- Daarop het Josef Maria as sy vrou geneem.

### **3.2 Jesus se geboorte in Betlehem**

Keiser Augustus het in daardie tyd 'n volkstelling uitgeskryf.

- Volgens die gewoonte van die Jode moes elkeen gaan na die plek waar die geslagsregister van sy familie bewaar is om daar ingeskryf te word.
- Daarom het Josef en Maria na Betlehem, die stad van Dawid, gegaan. Die profeet Miga het van Betlehem geprofeteer as die stad waaruit 'n leier vir Israel sou voortkom.

Toe Josef en Maria in Betlehem kom, was daar nie meer plek in die herberg nie. Hulle het toe in 'n stal tuisgegaan.

- Toe Jesus die nag gebore is, het Maria Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê.
- Jesus, die Seun van God, se menswording en sy geboorte het getuig van diepe vernedering.
- Sy ouers het tot die arm klas in Israel behoort, en Jesus moes van kleins af baie dinge ontbeer.
- Jesus het die vernedering gewillig ondergaan, want Hy het die eer van God as doel gehad, en die redding van mense beoog.

### **3.3 Die engelesang**

Die geboorte van Jesus is ook aan mense bekend gemaak.

- Hierdie blye boodskap is die eerste aan skaapwagters in die veld by Betlehem, ook genoem Efrata (Miga 5:1), meegedeel.
  - Terwyl hulle in die nag hulle skape opgepas het, het daar meteens 'n engel van die Here by hulle gestaan, en die glans van die heerlijkheid van die Here het om hulle geskyn.
  - Hulle het groot geskrik, maar die engel het die geboorte van Jesus in Betlehem aan hulle bekend gemaak. Hulle sou die Verlosser daar in doeke toegedraai in 'n krip kry.
  - Skielik was daar 'n menigte engele wat God geprys het: “Eer aan God in die hoogste hemel, en

vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" (Luk. 2:14).

- Toe die engele weggaan, het die skaapwagters haastig na Betlehem gegaan. Daar het hulle vir Josef en Maria gekry, en die Kindjie wat in die krip lê. Hulle het vertel wat oor die Kindjie aan hulle gesê is. Daarna het hulle teruggegaan en God geprys oor alles wat hulle gesien en gehoor het.
- Die wyse manne uit die Ooste het ook geweet dat Jesus gebore is en gekom om aan Hom hulde te bring.
  - Die wyse manne het 'n ster gevolg tot in Betlehem. Hulle was die Jode voor in hulle soektog na die gebore Koning.
  - Hulle het die huis binnegegaan waar Josef en Maria met die Kindjie was en aan die Kindjie hulde bewys. Hulle het aan Hom geskenke van goud, wierook en mirre gebring.

#### **4. Die wyse manne uit die Ooste en die kindermoord**

##### **4.1 Die wyse manne volg die ster tot in Betlehem**

Die wyse manne het uit die heidenwêreld gekom om Jesus te aanbid.

- Hulle was manne van wetenskap wat uit die ver Ooste gekom het. Waarskynlik was hulle van die Jode wat na die Ballingskap in Babel agtergebly het en nie na Palestina toe teruggekeer het nie.
- Hulle het kennis van God en van die verwagting van die Jode gehad.
- Met hulle kennis van die sterrekunde het hulle gemeen dat hulle belangrike gebeurtenisse uit die sterre kon aflei. Toe hulle 'n ster sien wat hulle nog nooit vantevore gesien het nie, het hulle gemeen dat dit die ster was van die Koning van die Jode wat gebore is. Hulle het dadelik op reis gegaan om op paslike wyse hulde aan Hom te gaan bewys. Hulle wou Hom gaan aanbid en geskenke vir Hom bring.

Hulle het eers na Jerusalem gegaan waar koning Herodes gewoon het, en daar wou hulle verder navraag doen.

- Toe Herodes hoor van die Koning wat gebore is, het hy bang geword dat hy sy kroon kon verloor.
  - Deur middel van die Skrifgeleerdes het hy verneem dat die Christus in Betlehem gebore sou word. Herodes het dit aan die wyse manne meegedeel en hulle versoek om met hulle terugreis alle besonderhede aan hom te kom meedeel sodat hy ook aan die Koning kon gaan hulde bewys.
  - Herodes wou die Kindjie vermoor.

Die wyse manne het nie weer na Herodes teruggekeer nie. Hulle het in 'n droom 'n waarskuwing ontvang om langs 'n ander pad na hulle land terug te keer.

##### **4.2 Die kindermoord**

Herodes was woedend omdat die wyse manne hom in die steek gelaat het, en hy was vasberade dat die gebore Koning nie sou lewe nie.

- Hy het toe besluit om in die omgewing van Betlehem alle seuntjies onder twee jaar oud te laat doodmaak.
- Hierdie wreedaardige moord word in Matteus beskryf met 'n verwysing na die profesie in Jeremia 31:15 (AFR1983): "’n Gekerm word op Rama gehoor, ’n gehuil en groot gejammer: Ragel huil oor haar kinders en wil nie getroos word nie, omdat hulle nie meer daar is nie."
  - Ragel is hier 'n voorbeeld van alle moeders wat huil omdat hulle kinders nie meer daar is nie.
  - Ragel se graf lê ook in die nabyheid van Betlehem.

##### **4.3 Josef en Maria vlug na Egipte**

Herodes se plan het misluk. Die Here het 'n engel gestuur om Josef in 'n droom te waarsku.

- Josef moes met Maria en Jesus na Egipte vlug. Hulle het in Egipte vertoef tot die dood van Herodes.
- 'n Engel het toe weer in 'n droom aan Josef verskyn en hom beveel om na sy land terug te keer. Toe Josef verneem dat die goddelose Argelaos sy vader in Judea opgevolg het, het hy hom weer in Nasaret gaan vestig, in die gebied waar Herodes Antipas geregeer het.
- Galilea is beskou as die veragte land van die heidene. Hier moes Jesus ook as veragte opgroei.

## **5. Jesus se jeug**

### **5.1 Jesus se besnydenis**

Volgens die Wet moes alle Joodse seuns op die agste dag besny word. Daarom is Jesus ook deur sy ouers op die agste dag besny.

- Daarmee het Hy voldoen aan die Wet as deel van sy Middelaarswerk. Met die besnydenis het die kind ook 'n naam gekry, en hierdie Kindjie is Jesus genoem, soos die engel aan Maria gesê het. Die naam "Jesus" beteken "Verlosser".

### **5.2 Voorstelling in die tempel; Simeon en Anna**

Die Wet het ook bepaal dat alle eersgeborenes aan die Here behoort, maar hulle kon van die diens in die tempel vrygemaak (gelos) word deur 'n offer.

- Die Wet het bepaal dat die lossingsoffer 'n jaar oud lam moes wees.
- Toe Jesus se ouers Hom na die tempel in Jerusalem bring om Hom tot beskikking van die Here te stel, kon hulle nie die standaard voorgeskrewe offer bring nie. Hulle het twee duiwe as offer gebring. Dit was die offer wat vir die heel armes voorgeskryf was.

Simeon, 'n ou man wat vroom was en getrou aan die Wet, het 'n goddelike openbaring gehad dat hy nie sou sterf voordat hy die Messias gesien het nie.

- Daar in die tempel het hy Jesus by sy ouers gesien. Hy het Hom in sy arms geneem en God geprys. Hy was nou bereid om te sterf omdat hy die verlossing van God gesien het. In 'n lofsang het hy geprofeteer wat van die Kind sou word (Luk. 2:29-35).
- Ook die bejaarde profetes Anna was verheug en het Jesus begroet as die Verlosser van die wêreld.

### **5.3 Jesus in die tempel**

Van Jesus se jeugjare is nie veel bekend nie. Hy het in die dorpie Nasaret by sy ouers gewoon. Sy ouers was gewoond om met die viering van die Paasfees na Jerusalem te gaan.

- Toe Jesus 12 jaar oud was, het sy ouers weer na Jerusalem gegaan, en Jesus het saamgegaan. Dit was destyds die gebruik dat seuns op daardie ouderdom belydenis van hulle geloof gedoen het. Dit was die rede waarom Jesus saamgegaan het.
- Na die fees, wat sewe dae geduur het, het Josef en Maria teruggegaan huis toe.
  - Hulle het gedink dat Jesus tussen die ander feesgangers op die terugreis was, en het Hom eers gemis nadat hulle al 'n dag lank gereis het.
  - Toe hulle Hom nêrens kon kry nie, het hulle angstig na Jerusalem teruggegaan.
  - Daar het hulle hom na drie dae by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes gesit het en na hulle geluister het en hulle uitgevra het. Almal was verbaas oor sy insig en sy antwoorde.

- Toe Maria Hom vra waarom Hy so gemaak het, aangesien hulle Hom angstig gesoek het, het Hy geantwoord: “Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?” Dit is die eerste woorde van Jesus wat opgeteken is.

Jesus het saam met sy ouers na Nasaret teruggekeer, en Hy was aan sy ouers onderdanig. Hy het daar opgegroeï en het “in guns by God en die mense toegeneem” (Luk. 2:52).

## **6. Die begin van Jesus se openbare optrede**

### **6.1 Johannes die Doper – sy geboorte**

Jesaja se profesie aangaande die stem van een wat roep in die woestyn (Jes. 40:3) is in die Nuwe Testament toegepas op die koms van Johannes die Doper. So het Maleagi se prediking (Mal. 3:1; 4:5,6) ook betrekking op die karakter van die werk van Johannes, naamlik dat hy die pad van die Here regmaak en soos Elia die volk tot bekering roep.

Johannes se geboorte is ook vooraf aangekondig.

- Terwyl sy vader, Sagaria, op ’n dag besig was om die priesterdiens in die beurt van sy diensgroep te bedien, het die lot, wat volgens priesterlike gewoonte gewerp is, op hom geval om in die tempel te gaan en die wierook op die altaar te brand. Daar het die engel Gabriël aan hom verskyn.
- Sagaria het bang geword, maar die engel het hom gerusgestel en gesê dat sy vrou, Elisabet, wat onvrugbaar was, ’n seun sou hê. Sy naam moes Johannes wees. Omdat hy en sy vrou al bejaard was, het Sagaria getwyfel en ’n teken gevra as bewys dat dit die waarheid was. Hieroor het die Here hom bestraf, en as teken sou Sagaria stom wees totdat dit gebeur het.
- Toe Sagaria uit die tempel kom, kon hy nie praat nie. Elisabet het swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder. Maria, wat toe al die boodskap gekry het dat sy die moeder van Jesus sou word, het Elisabet kom besoek. Hulle was familie van mekaar, en hulle het mekaar met vreugde gegroet en die Here gedank vir die besondere voorreg wat hulle te beurt geval het.
- Elisabet se seun is gebore enkele maande voor die geboorte van Jesus. Toe hy op die agste dag besny moes word, wou die mense hom na sy vader noem. Elisabet het volgehou dat sy naam Johannes moes wees.
- Sagaria, wat toe nog nie kon praat nie, het op skrif bevestig dat sy naam Johannes moes wees, en dadelik daarna kon hy weer praat. Hy het ’n lofsang gesing tot die Here, waarin hy die werk van Johannes geskets het as voorbereiding vir die Verlosser wat sou kom.

### **6.2 Johannes se prediking**

Toe Johannes grootgeword het, het hy hom heeltemal van die wêreld afgesonder en sy lewe in die eensaamheid van die woestyn deurgebring.

- Hy was ’n nasireër en is nie toegelaat om enige wyn of bier te drink nie.
  - Net soos Elia, het hy klere van kameelhaar gedra, en hy het van sprinkane en veldheuning geleef.
  - Hy het as prediker opgetree in die gebied tussen Jerigo en die Jordaan. Die roete wat veral die Galileërs gevolg het om na Jerusalem te gaan, het deur hierdie gebied geloop, en hulle het in Jerusalem vertel van die prediking van Johannes. Spoedig het baie mense uit Jerusalem en Judea na sy prediking gaan luister.
- Hy het gepreek dat die mense hulle moes bekeer om vergifnis van hulle sondes deur God te ontvang, en dat die koninkryk van die hemel naby gekom het.
- Vir elke groep mense het hy ’n besondere boodskap gehad. Niemand mag dink dat hy nie nodig het om hom te bekeer nie.
- Hy het ook die koms van die Messias aangekondig as die Een wat in oordeel kom om met sy skop in sy hand sy dorsvloer skoon te maak.

- Toe die mense begin wonder of hy nie miskien die Messias is nie, het hy dit ontken en na die Messias heengewys deur te sê: “Hy moet meer word en ek minder” (Joh. 3:30). So het hy die volk voorberei op die werk van Jesus.

### 6.3 Johannes se doop

Johannes het ook mense gedoop. Elkeen wat sy sondes bely het, is deur hom in die Jordaan gedoop.

- Die doop was in daardie tyd wel bekend, maar net in die sin dat die Jode die doop toegedien het aan die proseliete, naamlik mense uit die heidendom wat die Joodse geloof aangeneem het.
- Hierdie doop het die betekenis gehad dat die wassing met water beeld is daarvan dat die heidendom afgewas en afgesterwe word voordat die dopeling hom sou kon laat besny en so tot die Jodedom oorgaan.
- Johannes het die doop algemeen gemaak, ook vir die Jode wat hulle sondes bely het.
  - Daarom word dit genoem ’n doop wat volg op bekering.
  - Die simboliek van die doop is dus dat, soos water die liggaam was, God die mens se onreinheid – sy sonde – afwas.
  - Dit het nie wesenlik verskil van die Christelike doop nie.

### 6.4 Johannes in die tronk

Johannes het ’n moeilike tyd deurgemaak onder Herodes Antipas, totdat hy ook op bevel van Antipas doorgemaak is.

- Antipas was die seun van Herodes die Grote, wat die kindermoord in Betlehem gepleeg het. Na Herodes die Grote se dood is sy ryk in drie dele verdeel, en Antipas het die bestuur gekry oor Galilea en Perea (oos van die Jordaan).
  - Antipas het die vrou met wie hy getroud was, weggestuur, en getrou met Herodias, die vrou van sy broer Filippus.
  - Johannes die Doper het hom hieroor vermaan. Op aandrang van Herodias het Antipas vir Johannes in die tronk laat opsluit. Johannes se dissipels het nog gedurig by hom gekom, en hulle het hom vertel van alles wat Jesus gedoen het.
  - Johannes het begin twyfel oor wie Jesus werklik was, en daarom het hy twee van sy dissipels na Jesus gestuur om te vra of Hy die Een is wat sou kom, en of hulle ’n ander een moes verwag.
  - Jesus het hulle opdrag gegee om aan Johannes te vertel wat hulle alles gesien en gehoor het aangaande sy werke.

### 6.5 Johannes se dood

Op die verjaardag van Herodes het die dogter van Herodias vir die gaste gedans, en sy het die koning so bekoor dat hy haar beloof het om haar enigiets te gee wat sy sou vra.

- Sy het haar moeder daarvoor gaan raadpleeg, en omdat Herodias haar nog altyd op Johannes wou wreek, het sy vir haar dogter gesê om te vra dat Johannes se kop vir haar in ’n skottel gebring word.
- Herodes was verslae oor die versoek, maar hy moes sy belofte gestand doen. Hy het iemand van sy lyfwag opdrag gegee om Johannes te gaan onthoof en sy kop in ’n skottel vir die meisie te bring.
- Johannes se dissipels het sy liggaam gaan begrawe en die tyding van sy dood aan Jesus gebring.

Jesus het voor Johannes se dood al van hom getuig dat hy nie ’n riet is wat deur die wind heen en weer gewaai word nie.

- Hy het op Johannes se selfverloëning gewys, en hom die grootste genoem van dié wat op aarde gebore is, maar, het Hy gesê, die geringste in die koninkryk van God is groter as hy.



- Net soos Jesus se prediking later verwerp is, is ook Johannes se prediking verwerp.

## 7. Jesus se doop; die versoeking in die woestyn

### 7.1 Jesus word gedoop

Toe die tyd aanbreek dat Jesus Hom aan die volk bekend moes maak, het Hy na Johannes gekom om gedoop te word.

- Johannes het geweier om Jesus te doop, want hy het Jesus as sy meerdere erken.
- Jesus het by hom aangedring, “want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen,” het Hy gesê.
- Hulle het in die water gegaan en Jesus is gedoop.
- Toe het die hemel oopgegaan en die Gees van God het soos ’n duif op Jesus neergedaal. ’n Stem uit die hemel het gesê: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.”

**Met die doop het Jesus sy Messiasskap aanvaar. Die Heilige Gees was van die begin af op Hom, maar met sy doop is Hy amptelik deur die Heilige Gees gesalf met die oog op sy openbare bediening.**

### 7.2 Jesus deur die satan versoek

Nadat Jesus gedoop is en toegerus is deur die Heilige Gees, het die Gees Hom in die woestyn gelei om deur die duiwel versoek te word.

- Sy eerste werk sou dus wees om die stryd teen die duiwel aan te knoop. Dit was trouens deel van sy Middelaarswerk om onder die versoekinge van die satan staande te bly en so die satan te oorwin.
- Hierdie versoeking het plaasgevind nadat Jesus 40 dae lank gevas het. Die eerste aanval van Satan het juis plaasgevind toe Jesus begin hongers word.
  - Die satan wou Hom versoek deur Hom aan te por om van die klippe brode te maak.
  - Deur toe te gee aan die versoeking sou Jesus sy wondermag tot sy eie voordeel gebruik, en sou Jesus die band tussen Hom en sy Vader verbreek omdat Hy ongehoorsaam sou wees aan die wil van sy Vader.
  - Daarom antwoord Hy met ’n aanhaling uit Deuteronomium 8: “’n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom.”

Jesus se antwoord met ’n Skrifwoord het die satan ook na ’n Skrifwoord laat gryp in die tweede versoeking.

- Hy bring Jesus na Jerusalem en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan. Toe daag hy Hom uit om af te spring, want daar staan geskrywe: “Hy sal sy engele oor jou opdrag gee,” en “Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen ’n klip sal stamp nie” (Ps. 91:11,12).
  - Om hieraan gehoor te gee, sou ’n uiting van valse vertroue wees.
  - Daarom wys Jesus hom weer met ’n Skrifwoord af: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie” (Deut. 6:16).

Die derde versoeking het ten doel gehad om Jesus na die kroon te laat gryp sonder die weg van die lyde.

- Satan het Jesus na ’n hoë berg geneem en Hom al die koninkryke van die aarde laat sien.
  - Hy sou al hierdie dinge aan Jesus gee as Hy net sou neerval en hom aanbid.
  - Jesus het hierdie versoeking ook met ’n Skrifwoord afgewys: “Daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien” (Deut. 6:13,14).

Hierna het die satan vir ’n tyd lank weggegaan, en daar het engele gekom en Jesus gedien.

## 8. Roeping van die dissipels; die wonderwerk in Kana

### 8.1 Hoe Jesus dissipels geroep het

Jesus kon nie sonder dissipels bly nie. Sy koninkryk moes gevestig word, en sy kerk moes tot openbaring kom.

- Daarom het Hy nou manne uitgekies om by Hom te wees en getuies te wees van sy kragtige dade.
- Hulle sou later ook gebruik word om Jesus se werk voort te sit. Daarom is hulle ook apostels genoem.
  - Jesus het hulle dus saam met Hom geneem om hulle vir hierdie gewigtige werk voor te berei.
  - Hulle was as 't ware in die leerskool by Hom, en hulle het Hom ook Rabbi (Meester) genoem.

Die eerste van hierdie apostels was oorspronklik volgelinge van Johannes die Doper.

- Toe Johannes vir Jesus sien, het hy Hom vir twee van sy volgelinge aangewys as die Lam van God. Hulle het Jesus dadelik gevolg. Die een was Andreas, en die ander een waarskynlik Johannes, die skrywer van die Evangelie.
- Andreas het aan sy broer Simon gaan vertel dat hy die Messias gevind het, en hy het hom na Jesus toe gelei. Jesus het geweet wat Simon vir sy kerk sou beteken, en daarom het Hy hom Sefas genoem. Die Griekse woord “sefas” beteken “rots”, en in Latyn is die woord daarvoor “petra”. Die naam Petrus beteken dus soveel as “rotsman”.
- Op reis na Galilea het Jesus self vir Filippus geroep.
- Filippus het weer vir Natanael na Jesus gebring. Natanael het eers vir Filippus gevra of daar dan iets goed uit Nasaret kon kom. Filippus het hom saamgebring, en toe Jesus vir Natanael sien, het Jesus gesê: “Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie.” Natanael wou weet waarvandaan Jesus hom dan ken, en Jesus het geantwoord: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien.” Dit het alle twyfel by Natanael weggeneem, en hy het uitgeroep: “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!” Jesus het hom verseker dat hy nog groter dinge as dit sou sien.
- Na die roeping van die eerste vyf apostels het die roeping van Jakobus gevolg by die meer van Tiberias.
- Die roeping van Matteus die tollenaar, wat ook Levi genoem is, word elders beskrywe.
- Hoe die ander apostels na Jesus gekom het, weet ons nie, behalwe dat hulle deur die drang van die Heilige Gees vir Jesus moes gevolg het.

Jesus het twaalf apostels byeengebring “om by Hom te bly, sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek” (Mark. 3:14). Hulle name was Simon, genaamd **Petrus**; en **Andreas** sy broer; die broers **Johannes** en **Jakobus**, die seuns van **Sebedeus** met die bynaam Boanerges, “manne van die donder”; dan **Filippus** uit Betsaida; **Natanael** uit Kana, ook genoem Bartolomeus; **Matteus**, oftewel Levi, die tollenaar; **Thomas**, ook genoem Didimus; **Simon Kananites**, met die bynaam “die Seloot”, oftewel die fanatikus; **Judas Taddeus**; **Jakobus, seun van Alfeus**; en **Judas Iskariot**. Judas Iskariot het die geldsak gedra en het die volle vertroue van die apostels geniet. Hy het die verraaier van Jesus geword.

### 8.2 Eerste wonderwerk in Kana

Sy eerste wonderwerk het Jesus gedoen in Kana, 'n klein dorpie in Galilea, noordoos van Nasaret. Jesus en sy dissipels was na 'n bruilof genooi, en sy moeder was ook daar.

- Nie te lank nie of daar het wyn kortgekom. Sy moeder het dit vir Hom kom vertel. Hy het vir haar gesê: “My tyd het nog nie gekom nie.” Sy het vir die kelners gesê dat hulle alles moes doen wat Hy vir hulle sê.
- Jesus het opdrag gegee dat hulle die klipkanne vol water moet maak. Toe hulle daaruit skep en dit vir die seremoniemeester bring, was dit wyn, en dit was beter as die eerste wyn. Die

seremoniemeester was verbaas dat hulle teen die gewoonte in die beste wyn vir laaste gehou het.

- Hierdie wonder gee iets weer van die karakter van die werk van Jesus as Messias. Dit vind plaas by 'n feestelike geleentheid en teken die vreugde van die ware godsdiens en ook van die eindtyd wat reeds met sy koms besig is om aan te breek.

Daar is 'n lyn wat regdeur die Bybel loop rondom die huwelik:

- Ons geskiedenis begin met 'n huwelik: Adam en Eva en ons word so die tyd ingestuur.
- Deurentyd is die huwelik simbool van die verhouding tussen God en sy Kerk (kyk die boek Hosea).
- Die Here se eerste wonderwerk is tydens 'n huwelikseremonie.
- Die hiernamaals begin met die bruilof van die Lam (Christus) en sy Bruid (die Kerk/uitverkorenes).